DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONAAL | NATIONAL
saou@saou.co.za t: 012 436 0900 www.saou.co.za

Reg No: LR2/6/2/531

# MEDIAVERKLARING

VRYGESTEL OP 27 JANUARIE 2026

EMBARGO: GEEN

## SWARTRUGGENS GEKOMBINEERDE SKOOL ONDER SKOOT

Die SAOU het verskeie lede by Swartruggens Gekombineerde skool. Ons verstaan dat daar ŉ tekort aan plek is vir leerders om skool te gaan in die voedingsarea van die skool. Dit is hartseer dat die Departement nie reeds jare gelede ingetree het en toegesien het dat die area voldoende kapasiteit het om die gemeenskap en die leerders se behoeftes aan te spreek nie.

Swartruggens Gekombineerde Skool het nie ŉ beswaar om uit te brei en leerders te aanvaar nie, die probleem is egter dat die Departement versuim het om die nodige infrastruktuur en geriewe daar te stel om addisionele leerders te akkommodeer. Dit is so dat die Departement 5 leë klaskamers op die perseel kom aflaai het, die klaskamers is egter leë doppe sonder krag, water of enige veiligheids toerusting. Daar is ook nie voldoende personeel of leermateriaal verskaf om die kinders van onderrig te voorsien nie.

Die SAOU doen ŉ ernstige beroep op die Noordwes Departement van Onderwys om nie hul verpligtinge verder te versuim nie en om te verseker dat die skool van die noodsaaklike hulpbronne en bystand voorsien word.

Die beheerliggaam van Swartruggens Gekombineerde Skool het deurgaans aangedui dat hulle gewillig is om ekstra leerders te neem maar dat hulle nie die hulpbronne het om dit te doen nie. Dit is uiters kommerwekkend dat die Departement die versoeke en beleide van die Beheerliggaam en bloot leerders by die skool kom aflaai het, sy magte oorskry het maar versuim het om sy verpligte na te kom.

Die SAOU sal ook nie huiwer om ernstige regstappe te neem indien enige van ons lede te na gekom word deur die Departement nie  of indien die opvoeders nie van ŉ billike en veilige werksplek voorsien word nie.